HESSEQUA MUNISIPALITEIT

VAKATURE

Die Munisipaliteit van Hessequa benodig die dienste van 'n geskikte persoon in die volgende vakature:

DIREKTORAAT TEGNIESE DIENSTE

Senior Elektrisiën : Heidelberg (Verw T043) T12 – R272 501.52 tot R353 725.68 bruto per jaar
Vereistes: N3 Ambagsertifikaat • Voltooide vakleerlingskap en geslaagde kwalifiserende ambagstoets as Elektrisiën • Kode B bestuurslisensie • In diepte kennis van hoë-, medium- en lae spanning verspreidingsnetwerke • Magtiging om medium spanning skakelwerk te verrig • Sertifikaat in medium spanning prosedures • Rekenaargeletterd • Ondervinding in toesighouding van personeel • Minimum van drie jaar toepaslike ondervinding in 'n soortgelyke posisie.
Pligte: Konstruksie en instandhouding van oorhoofse verspreidingslyne • Installering, instandhouding en toets van transformators en skakeltuig • Beeïndiging- en las van hoë-, medium- en laagspanningskabels • Installering en instandhouding van huishoudelike-, sake- en nywerheidsaanslutings • Installering en instandhouding van Mini-substasies, Kring Hoofeenhede en Substasies • Lewer begrotingsinsette • Toesighouding.

Daar sal van die geskikte kandidaat verwag word om binne ses maande na aanstelling 'n Kode C1 bestuurderslisensie, asook 'n Openbare Bestuurspermit te bekom.

Die Munisipaliteit van Hessequa is 'n gelyke geleentheid werkgewer en moedig gestremdes, asook persone vanuit die voorheen benadeelde groepe aan om aansoek te doen om betrekkings. Kandidate kan aan 'n praktiese toets onderwerp word.

'n Munisipale aansoekvorm is verpligtend en 'n CV kan addisioneel aangeheg word. Slegs sertifikate / dokumente wat aan die minimum vereistes voldoen moet aangeheg word. (CV's en aansoekvorms van 4MB en groter kan nie via e-pos versend word nie.)

Volledig voltooide aansoekvorms moet aan Hessequa Munisipaliteit, Menslike Hulpbronbestuur, Posbus 29, Riversdal, 6670 of per e-pos aan applications@hessequa.gov.za of faks 086 518 7229 versend word. Onvolledige aansoeke sal lei tot diskwalifikasie. Ontvangs van aansoeke sal nie erken word nie en geen ondersteunende dokumentasie sal terugbesorg word nie. Vir enige navrae kontak me Jonecia Jansen by 028 713 7965.

Sluitingsdatum : 17 Julie 2017

Aansoeke wat na die sluitingsdatum ontvang word, sal nie oorweeg word nie. Persone wie teen 31 Oktober 2017 geen terugvoering ontvang het nie, moet aanvaar dat hul aansoek onsuksesvol was. Die Raad behou die reg voor om nie die vakatures te vul nie.